

## PREEKNOTABLAADJIE

So. 6 Maart 2022

In Jesus Spore in 2022:

Ek glo... in 'n Persoonlike God



Ons almal het 'n beste maat, en saam met dit het ons maats wat dalk net goeie vriende is, of iemand wat ons 'n vriend noem in 'n sekere kapasiteit. Ons is gereeld besig met mense en in alles wat ons doen, doen ons dit gewoonlik saam met iemand. Party van ons het 'n lewensmaat, party 'n kook vennoot, 'n braai buddy dalk, 'n kollega saam wie ons werk sal ons ook 'n vriend noem, of iemand langs wie ons sit in die kerk. Hierdie mense ken ons ook goed meeste van die tyd, en sommiges ken ons dalk beter as ander. Hulle sal ook wys hulle ken ons deur een of ander teken van vriendskap aan ons te gee of 'n daad wat ons herinner dat ons vriende is. Hierdie mense is mense waaroor ons omgee, en mense wat vir ons omgee en lief is. So ook is God. God gee om oor ons en is lief vir ons, en tesame met dit ken hy ons persoonlik.

God is dalk nie 'n vriend nie, of dalk nie net 'n vriend nie, maar tog is hy so persoonlik betrokke by ons lewens dat ons hom amper 'n vriend kan noem. 'n Persoonlike God is dalk meer 'n respekvolle term, maar ons moet onthou dat God nie vêr is of wil wees nie, hy wil by ons wees. 'n Goeie plek om daarvan te lees is in **Psalm 139**. Hierdie Psalm wys vir ons in verskeie maniere hoe God persoonlik betrokke is by ons lewens, en hoe hy ons ken. Die psalm kan gedeel word in vier gedeeltes met 'n slot:

**Die eerste gedeelte wat verse 1-6 bevat**, vertel ons hoe God persoonlik betrokke is by ons gedagtes, en hoe hy weet wat in ons koppe aangaan. Vers 4 sê “*daar is nog nie 'n woord op my tong nie, dan ken U, Here, dit volledig!*”

**Die tweede gedeelte wat verse 7-12 bevat**, vertel ons hoe God ons emosionele wêreld ken, en hoe Hy nooit sal toelaat dat ons sy teenwoordigheid kan vlug nie. Vers 8b “*gaan lê ek in die doderyk, ook daar is U*”, asook vers 11 en 12 wat getuig van hoe duisternis vir God so lig skyn soos daglig.

**Die derde gedeelte wat verse 13-18 bevat** vertel ons hoe God ons geskep het, vers 13 “*U het...my in die moederskoot geweef*” en dus ons fisiese wêreld en liggame ken.

**Die laaste gedeelte, verse 19-22, wat saam die slot gedeelte, verse 23-24,** gelees moet word, bevat ’n afkeer van die vyande van God, en dan in die slot ’n versoek om nie soos hierdie vyande te word nie.

Die drie voorafgaande gedeeltes bevat eintlik ons hele wese by mekaar, ons denke/gedagtes, ons emosies/harte, en ons liggame/aksies. Die slot help gee vir ons ’n klein gebed, waarmee ons God kan versoek om hierdie drie aspekte van ons lewens te toets sodat ons aanhoudend die regte (ewige) pad kan stap.

*Wat die psalm vir ons uitlig en ook verduidelik, is dat God ken ons deur en deur, daar is nie ’n daad of gedagte of emosie wat ons doen of dink of voel, wat hy nie van weet nie.* Hy ken ons so goed wat Hy gee om oor ons en ons lewens. Hy doen dit nie om ’n oog op ons te hou en ons op die vingers tik wanneer ons afdwaal nie. Hy doen dit omdat hy lief is vir ons. Wat ons dan moet doen as antwoord hierop, is om met hom te kommunikeer oor wat in ons kop en hart en liggaam aangaan. Hy ken dit, maar ons moet steeds deel, ons moet kommunikeer. Dit is ’n twee-rigting pad. Ons moet praat met hom, en deel. Soos wat God ons ken en belangstel in ons lewe, moet ons dieselfde vrymoedigheid het, om dit oor en oor met hom te deel.